**Die Eikestadwinkel**
(Edms.) Bpk.
PLEINSTR., STELLENBOSCH
VIR
• Deftige Mansklerasie
• Rakette
• Northampton Mansskoene

# DIE Matie

ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT.

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

DEEL III, No. 16. VRYDAG, 23 JULIE 1943 PRYS 1d.

**VILJOEN**
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
*Dele is skaars maar ons doen nog ons bes.*
ONTHOU — in Pleinstraat
*Net langs Suikerbossie.*

# Dekade-A.N.S.-Kongres : Segeryke Mylpaal

## Geesdrif Bereik Ongekende Hoogtes

**Die Dekade-Kongres van die A.N.S. wat op Potchefstroom van 3 tot 7 Julie gehou is, was weereens 'n nuwe mylpaal in die roemryke geskiedenis van die A.N.S. Met die uitbouing van sosiale Arbeidsgedagte binne die Volksbeweging het die A.N.S. weereens namens die jeug van die volk leiding gegee in die ontwikkeling van nasionale lewensbeskouing.**

Met Skriflesing en gebed het ds. Coetzee van Potchefstroom op Saterdag, 3 Julie om 3.30, die A.N.S.-feeskongres geopen waarna die geesdriftige kongresgangers na stemme uit die verlede geluister het toe oudhoofbestuurslede en A.N.S. staatmakers boodskappe aan die kongres oorgebring het.

Onder die sprekers was mnr. J. H. Coetzee (Oom Hennie), oud A.N.S. onderleier in 1941, mnr. Coetzee wat in 1933 onderleier was, prof. L. J. du Plessis en prof. A. J. H. van der Walt, twee ou A.N.S. vriende. n' Boodskap van mnr. Jan Haak, die organiserende sekretaris, wat nie teenwoordig kon wees nie, is ook voorgelees.

Dr. P. J. Meyer, 'n oud hoofbestuurslid en A.N.S. veteraan het ook later by die kongres aangesluit en 'n besielende boodskap gelewer.

Die kongres het in die teken van die arbeid in die Volksbeweging gestaan en vyf treffende referate oor verskillende aspekte van die arbeidsgedagte is gelewer deur vyf van ons mees produktiewe denkers van die Volksbeweging. Hulle is dr. S. P. van der Walt, dr. D. G. Franzsen, prof. G. Cronje, mnr. S. Pauw, en deur ons Erepresident, dr. J. F. J. van Rensburg.

Deur ook weer die leiding te neem in die uitbouing van die sosiale aspek van 'n eie Afrikaanse lewensbeskouing het die A.N.S. weereens getoon dat hy die geestelike stormtroepe van die toekomstige volkstaat is.

Die opvallende kenmerk van die kongres was die spontane gees van broederskap en bondsgemeenskap wat daar tussen die noorde en die suide geheers het. Verlede jaar het die noorde en suide mekaar gevind vir die eerste keer in die geskiedenis en vanjaar is die bande wat toe gelê is versterk in die strewe na die gemeenskaplike ideaal van die bond.

Die toppunt van die volksjeuglaertrekking is bereik toe die A.N.S. met eenparige en geesdriftige hulbetuigings sy erepresident, dr. J. F. J. van Rensburg, weer tot sy hoogste ampsdraer vir die jaar 1943-44 aangewys het.

Die kongresgangers is o.a. ook die nuwe Hoofleier, mnr. W. A. Joubert, het die Kongres sy laaste boodskap van sy Erepresident aangehoor en is die kongres uiteen met sy laaste woorde: „Onthou, julle wat die volk môre en oormôre moet lei, dit is nie wat julle wil doen nie maar wat julle kan doen wat tel."



*Dr. J. F. J. van Rensburg aan wie die A.N.S. hulde gebring het deur hom te herbevestig in sy hoogste amp as Ere-President.*

### NUWE HOOFRAAD VAN A.N.S.

Na afloop van die Uniale Kongres van die A.N.S. op Potchefstroom is die nuwe A.N.S.-Hoofraad as volg saamgestel:

*Ere-President:* Dr. J. F. J. van Rensburg.
*Hoofleier:* W. A. Joubert.
*Streekleier vir Suide:* W. R. Laubscher.
*Streekleier vir Middellande:* K. van Wyk de Vries.
*Streekleier vir Noorde:* Mnr. Raubenheimer.
*Uniale Org. Sekretaris:* J. F. W. Haak.
*Ass. Sekr.:* P. A. Theron.
*Wapenskou Redakteur:* Dr. D. G. Franzsen.

Oor die algemeen praat die kongresgangers met lof van die broederlike gees wat daar onder mekaar geheers het, en almal is oortuig dat die bande wat so onder mekaar gesmee is, van veel nut in die verskillende oorde sal wees vir ons saak in die algemeen en vir hulle in die besonder.

Die P.U.Kaners het die kongresgangers gasvry ontvang en hulle waarlik tuis laat voel. Die mans het tuisgegaan in die Heimatt-manskoshuis van P.U.K., en die dames in Tabalje, die dameskoshuis.

Ons verteenwoordigers van A.N.S. op Potchefstroom was mnre. W. R. Laubscher (Suidelike leier), P. A. Theron (waarnemende sekretaris van A.N.S. Hoofraad), S. P. Botha (Taksleier U.S.), S. J. Joubert, A. J. du Plessis, D. Engela en mej. Annette Brink.

Die kongresgangers is o.a. ook vergas op die Afrikaanse propagandarolprent: „Die Gedissiplineerde Afrikanerdom." Verder kon hulle ook die eer hê om hulde aan die gestorwe Afrikanervrouens en -kinders in die konsentrasiekampe van 1902 te bring in die vorm van 'n plegtige kranslegging op hulle graftes by Potchefstroom.

Ook het die kongresgangers die geluk gehad om die aartsgrappemaker, mnr. v. d. Walt van Pretoria (Buitemuurs) in hulle midde te hê. Die geselskap het geskater vir sy fratse en het veral sy realistiese nabootsing van belangrike figure in die land baie kostelik gevind, veral dié van die Veldmaarskalk. Dan het die Stellenbossers veral weer aangenaam verras gewees om vir Chappies Lombard daar raak te loop. Hy is nl. nou die kommentator by die vertonings van „Die Gedissiplineerde Afrikanerdom."

Oor die geheel beskou kan dus gepraat word van 'n uiters geslaagde kongres sowel wat die werksaamhede wat afgehandel is betref as andersins.

## P.U.K. in Matieland

**Môremiddag word daar vir die soveelste keer deur die Afrikanerstudent geskiedenis gemaak, as die Pukkie-span vir die eerste maal op Coetzenburg teen die Rooispan gaan afskop (kleitrap).**

**Die Pukkies is hier! En dit:—**
**Ten spyte van:**

- Die duisendmyl-vérre „Onderveld."
- Hierdie oorlog se fantastiese reisonkoste.
- Voetbalspeel in die winterreën.

**Terwille van:**

- Nasionale lotsgemeenskaplikheid.
- Volkskulturele kontakte en prikkels.
- Voetbalspeel soos Boereseuns!

**WIE IS DIE „PUKKIES"?**

**Moet „Die Matie" tog nie onbekendes voorstel nie? — Gewis nie! Net dit: Uit die Boerenoorde stuur 'n Universiteit, wat sy sout werd is, hierdie gedugte sportmanne na die Boeresuide, getuigende dat die Boeregees voorkeur heg aan suiwere sport: alleen, en sonder bybedoelings! As gevolg van die ewige pro-oorlogse geesdrywery, ook in sportunies, word Afrikanersportmanne oor ons hele land namekaar-toe gedryf. Ons verheug ons dat, ten spyte van reuse afstande en nieteenstaande bergehoë struikelblokke (veral vir die beursie!) Boereseuns tog altyd 'n plan maak om mekaar raak te loop in aanskoulike spel vir liefhebbersoog.**

(Vervolg op bls. 2 kol. 3.)

*Maties!*

Maak ons u APTEKERS en wees verseker van ons beste AFRIKANER DIENSTE.

DIE
**Voortrekker-Apteek**
Andringastraat, Stellenbosch

*PAS GEOPEN!*

**Stellenbosch Sitrus Depot**
Meulplein,
STELLENBOSCH.
(Regoor Gebrs. De Wet)
J. B. Henzin, Eienaar.

**Vrugte**
Lemoene—10 sakkies—2/9 p.s.
Lemoene— 5 sakkies—3/- p.s.
Enkele sakkie teen 3/3 per sak.
Pyneappels, piesangs, appels. ens. teen aller billikste pryse.

**HOOFKWARTIER : VIR : GESONDHEID —!**

**VRIENDE ONTMOET MEKAAR OM 'N LEKKER KOPPIE KOFFIE BY**
**DIE SUIKERBOSSIE**
Pleinstraat Stellenbosch

Kamers 501-520 Vyfde Verdieping

**R. W. van Ryn.**

BRILMAKER.

Tel. 2-1944. Posbus 2657.

Groote Kerkgebou,
KAAPSTAD.

Laat u brilvoorskrif deur my vooltooi word. Maak u keuse uit 'n groot verskeidenheid van moderne rame.
Spesiale afslag vir Studente.

**INSPAN!**

*Waar gaan dit?*

Ons gaan Koffie en Pannekoek geniet in

**DIE UITSPAN**

**APTEKERS**

Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan.

**JOERNING en SEUN**
(Eiens.) Bpk.

Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

**DIE EIKE KAFEE**
(Eienaar: G. H. van Zyl)

*STUDENTE:*

Kom na die EIKE vir vars vrugte, sjokolade en tabak.

Ons waardeer u ondersteuning en verseker u van ons beste dienste.

**Die Plaza**
Foon 0013.

*WAKE ISLAND*

*Vrydag en Saterdag,*
*23 en 24 Julie*

Matinee: Saterdag om 3 n.m.

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**

**DIE MATIE**

Alle korrespondensie aan:
D. F. VAN DER MERWE,
REDAKTEUR,
Dagbreek.

Deel III. 23 Julie 1943. No. 16.

# Die A.N.S. se Taak

Die A.N.S. het tien jaar gelede op die terrein van die studentelewe in Suid-Afrika verskyn, nie as 'n toevalligheid nie, maar met 'n definitiewe taak om te vervul in diens van sy volk.

Sy taak sou voortaan wees die samesnoering van alle positiefdenkende Afrikanerstudente binne een magtige studentebeweging wat sy plek aan die voorpunt van die volkslewe moes inneem as die draer van die nugtere volksgedagte.

Dit kan die A.N.S. doen omdat hy op 'n suiwere Afrikaanse grondslag gestaan het, omdat hy die kern van die Afrikaansestudentejeug omsluit het en omdat hy die polsslag van die Boere Volkslewe is.

Gedurende sy wiegjare moes hy hom suiwer met die kulturele aspek van die volkslewe besig hou en het hy meer *oor* die volkslewe heen beweeg sonder om hom te fundeer *in* die volkslewe.

Gelukkig het die bond die oppervlakkige kultuurstadium ontgroei en met die volksontwaking van 1938 sy tweede positiewe fase binnegegaan waarin hy die *nasionale aspek* van sy lewensbeskouing ontwikkel het.

Op sy kongres in 1939 het die A.N.S. dan duidelik die Republikeinse strewe van die jeug gestel.

Reeds die volgende jaar het die Bond positief vorm gegee aan sy staatkundige beskouing toe hy die strewe van die Bond vasgelê het in die 20 punte van sy bekende Vryheidsmanifes.

Voortaan was elke jaar vir die A.N.S. 'n verdere stap in die vormgewing van 'n eie positiewe lewensbeskouing soos hy trouens ook weer in 1941 gedoen het deur die aanvaring van die leierskap- of gesagsbeginsel wat hy ook positief in sy organisasie uitgeleef het.

Waar die A.N.S. nou die beginsels gestel het waarop sy staatkundige- en lewensbeskouing berus moes hy hom wend na die volk wat die draer van hierdie beginsels is en kom hy dus met die verdere ontwikkeling deur die aanvaring en uitbouing van die volksbewegings gedagte . Die gedagte nl. van die organiese volk met 'n eie karakter, geskiedenis en tradisie en met 'n eie roeping en lotsgemeenskap wat hom saambind.

Die A.N.S. glo dan dat hierdie volk in beweging gekom het na sy bestemming, 'n vrye Republiek waar hy hierdie gestelde beginsels kan uitleef.

Met hierdie ontwikkeling sluit die A.N.S. sy eerste era finaal af waar hy die groot beginsels van sy lewensbeskouing gestel het.

Met die afgelope tiende jaarskongres het die Bond dan 'n nuwe era binnegegaan waar hy die *sosiale aspek* van sy lewensbeskouing binne die Volksbeweging uitgebou het. Met die ontwikkeling van die *arbeidsgedagte* het die A.N.S. die beginsel aanvaar van *„Plig en Reg tot Arbeid vir elke Volksgenoot."*

Alle volksgenote word op sosiale gebied binne die volksbeweging saamgesnoer tot 'n arbeidsgemeenskap in diens van die volk *en alle diens in belang van die volk is arbeid.*

Die A.N.S. doen weg met die gedagte van 'n klasseverdeelde staat, maar ken alleen 'n staat waarin almal volksgenote en arbeiders is in diens van die volk, en waar arbeid ge-eer, gerespekteer en beskerm word.

Die A.N.S. glo dan ook in die leuse: *„Arbeid Adel"* en aanvaar dit as sy taak om by die jeug 'n nuwe besef van hierdie leuse te kweek.

Die taak van die A.N.S. vir die nuwe jaar is die uitbouing van die Arbeidsgedagte en die in-ere-herstelling van die arbeid as die enigste middel om 'n volk te red en te veredel.

## DIE GEDISSIPLINEERDE AFRIKANERDOM

Na „Die Matie" verneem sal die Afrikaanse propagandaprent „Die Gedissiplineerde Afrikanerdom" binnekort op Stellenbosch in die CJ.V.-saal vertoon word. Dit bestaan uit 'n aantal kort film-opnames oor verskillende aspekte van die Afrikaanse volkslewe en geskiedenis. O.a. word die vrylating van die Boeredogter Elsa Nel uit die gevangenis nadat sy geweier het om teen haar mede-Afrikaners getuienis af te lê in die hof, ook vertoon. 'n Voorstelling van die Amajuba-geveg en 'n opname van die Amajubafees, meer as 'n honderd jaar later, sal seker baie aantreklik wees.

Hou „Die Matie" maar volgende week dop vir verdere kennisgewing i.v. daarmee.

## P.U.K. in Matieland.

(Vervolg van bls. 1 kol. 4.)

### TOG SPYT DIT ONS.

**Slegs 'n klein monster kon van die Mooirivier-af meegebring word vanweë genoemde wantoestande. Desnietemin hoop ons dat hierdie eerstespan genoegsaam blyke sal gee van Pukkie-sportmangees en -Studentejolyt. Hiermee gepaardgaande is die naakte feit dat hierdie wedstryd só skielik en só op die vakansie ons oorval het, dat die klein groepie oudpukkies en hul ondersteuners geen woel-kans kon kry om hul makkers met 'n vol pawiljoen en onderskragende applous te rugsteun nie. — Voorwaar, allerweë en van harte 'n beklaenswaardige toestand. Nogtans sal die heelhartigste ondersteuning en entoesiasme hulle patriotisme laat blyk.**

**„Hartlik welkom!" is die groet van „Die Matie" aan hierdie jong turke. Mag hierdie eerste poging luisterryke baanbrekerswerk verrig ter bevordering van 'n durende, omvangryke en heelhartige samewerking en kameraadskap die Afrikanerstudent uit Wes-Transvaal, en sy broer in die vérre Boland. Ofskoon deur afstande vér verwyderd, is daar egter soveel gemeenskapliks, en sulke magtige bande van volkskulturele, ideologiese en godsdienstige aard wat hierdie twee naderbring en saamsnoer.**

**Pukkies, mag julle diep aangegryp word deur die deinserige blou van ons Pieke se ewige rotskruine; en innig betower word deur die klatersang van ons só romantiese Eersterivier met sy wêreldwyd-beroemde, eik-omsoomde oewers!**

**Kom, Pukkies, geniet ten volste van Matieland se broederlike gasvryheid!**

**En, Pukkies, gaan huistoe......: Bekoor deur ons Matienooientjies se soet glimlag, ooggetuies van ons kromhoutstok se nektarsap-gees; maar**

**BOWE-AL: PYNLIK-BEWUS VAN ONS ROOISPAN SE BOBAASnukKE!......**

**WELKOM, NOGMAALS,.... EN TOTSIENS!!!**

Ná in Matieland berig word, het mej. Hettie Lubbe haar onlangs verloof aan 'n Transvaler, ene mnr. Hans Hefer. „Die Matie" wil maar net sê: „Nouja, van harte geluk!"

Hy is glo 'n gevreesde kêrel op die voetbalveld.

## HOKKIE-VOORUITSIGTE

Nou dat die vakansie verby is, kan die Manshokkieklub weer sy aktiwiteite in alle erns hervat. Vir die res van die seisoen is daar nog 9 wedstryde in vooruitsig waarvan 3 op Stellenbosch sal plaasvind.

Tot dusver staan die Stellenbosche A-span nog as die enigste onoorwonne span op die puntelys, hoewel teen Gekombineerdes gelykop gespeel is.

Ons voorlyn het die vernuf om by enige verdediging deur te dring.

Op die vleuels Loots en Labuschagne kan gereken word om die bal in die aanvolsgebied te besorg waar Loubser, Strassheim en Weidemann al menige doelwagter laat klein voel het. Loubser was weens 'n kniebesering vir etlike weke nog nie sal kan speel nie, is 'n gevoelige verlies vir die span, hoewel sy plaasvervanger homself ook sal laat geld.

Baie van die span se sukses is te danke aan die beweeglike skakels du Toit, Murray en Kirsten, wat hul gewig ingooi beide by die aanval en verdediging.

'n Beter kombinasie op die verdediging as Wium en Uys is nouliks te vind. Dit is nou reeds die tweede agtereenvolgende seisoen dat hulle saam as heelagters vir die Stellenbosche 1ste span diens doen. Hoewel Uys weens 'n beenbesering 'n geruime tyd nie kon speel nie, het hy nog geensins van sy ou vorm verloor nie.

Lie laaste vesting is veilig in die hande van Opperman, veral ook as gevolg van sy samespel met sy heelagters.

Hierdie Matiespan het dus goeie vooruitsigte om sy segetog tot aan die einde van die seisoen voort te sit.

## DAGBREEK MAAK VERANDERING

Die dagbrekers was waarskynlik verras toe hulle na die vakansie moes verneem dat mnr. Forreaux, die opsigter, nie meer aan die hoof is nie. Mev. Versfeld en mnr. Bonthuys is nou persoonlik aan die roer van sake.

Dagbreek heet hul huismoeder baie welkom en hoop sy sal gelukkig wees onder die Boereseuns.

## RAAIKOMPETISIE

### Uitslag Wedstryd Wes- vs. Oos-Kaapland

Op 31 Julie vind die finale botsing tussen Wes-Kaapland en Oos-Kaapland op Coetzenburg plaas. In verband hiermee is 'n raai kompetisie uitgeskryf, waaraan enige volksgenoot kan deelneem. Drie pryse word uitgeloof, t.w. 7/6 (eerste), 5/- (tweede) en 3/- (derde). Deelnemers moet die finale telling en die samestelling daarvan raai. Elkeen kan, teen 6d. per raai, soveel keer raai as wat hy verkies. Die balans van die ontvangste gaan na die Noodhulpfonds vir die afhanklikes van geïnterneerde Afrikaners.

Raaie kan afgegee word of by Suikerbossie vanaf e.k. Maandag óf by die O.B.-Basaar in die Banketsaal op 31 Julie.

Die kompetisie sluit om 2-uur n.m. op 31 Julie; en die uitslag word dieselfde aand om 9-uur in die Banketsaal aangekondig.

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**

**Rook Springbok-Sigarette**

## PLATE-PROGRAM

Soos gewoonlik sal die Musiekvereniging Sondagaand om 8.15 n.m. in die Konservatoriumsaal 'n plateprogram reël.

## OSSEWABRANDWAGDAG !

### 31 Julie in die Banketsaal

Na „Die Matie" verneem sal Ossewabrandwagdag, wat reeds 'n O.B. instelling geword het vanjaar ook weer deur die plaaslike O.B. Kommando's gevier word.

Dit sal die vorm aanneem van 'n groot feestelikheid wat die hele dag sal aanhou.

Die oggendverrigtings sal die vorm van 'n basaar aanneem wat om 9.30 deur mev. genle. dr. J. S. du Toit geopen word.

'n Paar van die besondere aantreklike tafels wat aan Afrikaners die geleentheid sal bied om die hand diep in die sak te steek, is o.a. die vleis-, groente-, gebak-, lekkers-, waterlemoenstukke-, blomme-, handwerk-, kinder- en speelgoedtafels.

'n Kafee sal dwarsdeur die dag verversinge verskaf, en 'n puik orkes sal ook aanwesig wees om verder 'n gesellige stemming te skep.

Die middag sal daar dan nog verder geleentheid wees om 'n lekker ete te nuttig.

Om 6-uur word aandete verskaf in die vorm van gebraaide boerewors, groodjies, koffie, ens.

Die aantreklike nommer op die program vir ons wat van pret hou, is die kermis wat om 7.30 begin wanneer die Studentekommando's geleentheid sal kry met hul buitengewoon vermaaklike verskeidenheidsprogram van hofsittings, volksang en -spele, e.a.

Vir die oues van dae sal daar glo 'n kaggelvuur wees waarom hul 'n pypie kan rook en spek kan skiet.

Omdat 8 Augustus op 'n Sondag val vind die plaaslike O.B. Kommando's dit noodsaaklik om die fees op 31 Julie te hou.

Alle Afrikaners en volksgenote word deur die plaaslike O.B.-organisasie uitgenooi om te kom meedoen aan die feestelikheid.

Welkom alle Afrikaners!!

---

Mnr. en mev. J. M. Hattingh, albei oud-Maties, wat 'n tydlank in ons midde verkeer het, vertrek vroeg aanstaande week weer Wes-Transvaaltoe. Aangename reis en hou die regte koers verder!

* * *

Twee alombekende oud-Maties is ook in die afgelope vakansie verloof: Mej. Jeanette Hofmeyr, 'n oud A.N.S.-ser, en die kranige voetbalspeler, Flappie Lochner. Veels geluk.

* * *

Seksie 2, Dagbreek, het 'n sonderlinge prestasie behaal om nl. almal mekaar raak te loop op Parkstasie! Daar was natuurlik: Chappies Lombaard, Dawie Beyers, Johan Eyssen, S. P. Botha, A. J. du Plessis, Odendaal Roux, ens.

* * *

Welkom terug, alle Maties!! „Die Matie" hoop dat julle aangenaam tuis gekuier het en lewenskragtig die bloktyd tegemoet sien!!!

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS.**

## WELKOM TERUG

„Die Matie" heet alle Matievriende welkom na die vakansie. Ons hoop daar sal goeie gees van same-Werking heers nie net onder „Die Matie" ondersteuners nie maar trouens tussen alle lede van die studenteunie. Die Matie wens almal uit te nooi om hom nie net elke week te lees nie maar om van hom as medium gebruik te maak waardeur mede Afrikanerstudente aan ons Universiteit mekaar se standpunt sal leer ken. Die Matie nooi ook sy lesers aan ander Universiteite uit om nuusbydraes te lewer sodat hy ook 'n verteenwoordigende studentekoerant vir alle Afrikanerstudente sal wees.

## Nuwe Taksleier Neem Oor

Op die afsluitingsvergadering van die eerste semester is mnr. S. P. Botha aangewys as nuwe Taksleier in die plek van mnr. S. J. Joubert wat bedank het. „Die Matie" vertrou dat die plaaslike A.N.S.-tak onder sy leiding nog steeds van krag tot krag sal gaan.

---

Mnr. W. A. Joubert, ons voormalige A.N.S.-taksleier en Suidelike Wyksleier van die A.N.S. en bekende Matie, is weer op Stellenbosch terug om sy LL.B. te voltooi. „Die Matie" heet hom hartlik welkom terug op Stellenbosch en in ons A.N.S.-geledere.

* * *

Dit was met leedwese dat „Die Matie" moet verneem dat een van die A.N.S.-staatmakers en leiers van ons Front, mnr. W.R. Loubser, ons binnekort sal verlaat om 'n betrekking in die O.B.-organisasie aan die Rand te aanvaar. Aan hom sê „Die Matie" baie dankie vir u opofferende dienste aan ons A.N.S.-front en die leiding wat u gegee het, en ons wens u toe alle sukses in u nuwe werkkring.

* * *

Weereens is mnr. Piet Zeeman, oud-Stellenbosser en nou lektor aan Universiteit Pretoria, in Matieland opgemerk. Ons hoop hy hou 'n lekker vakansie in die Eikestad.

* * *

Na verneem word het mnr. S. P. van Wyk, Stellenbosse kranige vuisvegter, 'n betrekking as onderwyser in Port Elizabeth aanvaar. „Die Matie" hoop hy sal daar net so 'n groot aanwins in bokskringe wees as wat hy op Stellenbosch was.

HENDRIKZ
vir
★ Elektriese Benodighede
★ Radio Reparasies
Langs
Voortrekker Apteek

Dames!
Alles wat u nodig het, is teen die billikste pryse en met vriendelike bediening te kry by
DIE KAROO-BAKEN-DAMESUITRUSTERS
Eienaar: H. J. A. SMIT (Baken)
Birdstraat 33, Teenoor Die Braak
STELLENBOSCH

## Onder Onsies

Gedurende die vakansie is heelwat studente hier opgemerk wat hulle studies behartig het. Op een stadium van die vakansie kon daar gereeld 'n stuk of agt, tien brandende liggies gesien word in Dagbreek.

O.a. het mnr. C. Johan Barnard, Jood de Wet, Dawie Beyers, M. C. Vermeulen en Tol de Villiers, E. Scheurkogel dwarsdeur die vakansie ononderbroke hulle aan hul akademiese werk gewy. Saans het hulle gefliek.

* * *

Gedurende die vakansie het mnr. Jood de Wet sy verjaarsdag gevier. Op die partytjie was die gaste deur mnre. Johan Barnard en Scheurkogel verteenwoordig.

**GROOT KABARET !**

*Saterdagaand om 7.30*

Môreaand hou die Universiteits-Vrouekomittee hul puik Kabaret van die jaar.
'n Baie aantreklike program!
Bêkveld-Rundfunk.
Jan Pierewiet Geselskap.
Dansnommers, ens.
Toegang is slegs 1/6.
Kom ondersteun dit.

Op 7 Julie het sommige studente die akademiese kruis tydelik verruil vir die kruis by die stembus. 'n Aantal van hulle, waaronder mnre. J. F. Spies, L. van As, Barney de Villiers en W. v. d. Merwe het naamlik behulpsaam gewees as stembeamptes en sodoende dit tyd nuttig deurgebring.

* * *

Gedurende die vakansie het mnr. J. C. Myburgh, wat 'n graadkursus hier volg in Ingenieurswese in die huwelik getree met mej. Beatrice Rossouw. „Die Matie" wens hulle alle voorspoed toe op die ingeslane weg.

Alfred Blommaert,
(Foon 48 en 176)
Kerkstraat,
STELLENBOSCH.
KRUIDENIERSWARE
- - YSTERWARE - -
- - PRODUKTE - -
Die Winkel vir billike en spoedige bediening.

The Stellenbosch Stationery Store
vir
BEKOORLIKE GESKENKE
Nuwighede van alle soorte,
Deftige Skryfbehoeftes
en
MODEBOEKE.
A. DOWSON,
Andringastraat, Stellenbosch.

Ondersteun die Alombekende Suid-Afrikaanse MUSIEK-FIRMA.
Beroemd vir Diens en Kwaliteit van Benodighede
R. MÜLLER
(Eiens.) Bpk.
h/v Kasteel en Burgstrate, KAAPSTAD
en
Pleinstraat, STELLENBOSCH.

Maak Kennis met die
Nuwe Volkspele
Opgestel deur Hester Morrison
(MEV. W. VAN HUYSSTEEN)
Met Musiek en Liedjies (grondgedigte) deur
M. L. de Villiers
Komponis van „Die Stem van Suid-Afrika."
Hierdie Nuwe Volkspele is met groot sukses uitgevoer by geleentheid van die onlangse Volkspelekursus te Stellenbosch en die Oos-Kaaplandse kursus te Aliwal Noord.
Prys 4/3 posvry
Bestel by die uitgewers,
PRO ECCLESIA-DRUKKERY
Posbus 28, Stellenbosch
of by u Boekhandelaar.

Vir BLAKENDE GESONDHEID drink HEERLIKE
KWV
DRUIWESAP
Onthou! K.W.V.-Eau de Cologne is 'n besonder aangename en welriekende parfuum

AVBOB
116 Takke — 44,000 Lede
Reserwefonds £113,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65
BLOEMFONTEIN
Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

Rook Springbok-Sigarette

# Voetbal

*Deur die Sportredakteur.*

## P.U.K. teen Maties Môre

Soos verlede kwartaal aangekondig, kom die span van P.U.K., wat op die oomblik op toer is môre teen die Maties se eerste vyftiental te staan.

Uit gesprekke met P.U.-Kaners het dit alleen geblyk dat hulle netso vasberade is as hulle bure was om die Maties nogeens die loef af te steek.

Die span is alreeds hier, en hulle is sterk onder die indruk dat dit vir hulle moontlik sal wees om verlede jaar se gebeurtenis te herhaal. Op Woensdag, 28 Julie speel hulle in die Paarl teen O.K.P. Vir die grootste gedeelte van hulle verblyf hier in die Boland sal hulle egter op Stellenbosch wees. Dit sal die eerste keer in die geskiedenis wees dat 'n span van P.U.K. hier teen die Maties sal optree, maar dit is nie die enigste en vernaamste rede waarom die wedstryd groot belangstelling behoort uit te lok nie.

Die Maties het nog 'n potjie te loop met die P.U.Kaners, want verlede jaar toe die Stellenbossers met hul toer na die Noorde ook 'n wedstryd teen Potchefstroom afgespeel het, moes hulle ook daar hulle rieme styfloop, nadat hulle deur U.P. geklop is.

P.U.K. het 'n spannende en vinnige wedstryd op 'n welverdiende wyse met 9—6 gewen. Die Matie is geklop omdat hulle in daardie wedstryd netsoos in die een teen Pretoria, etlike kanse ongebruik gelaat het. Die Maties sal hierdie keer seker alles uithaal om weerwraak te neem.

Die Potchefstroomse span wat môre hier speel verskil baie van dié wat verlede jaar teen die Maties gespeel het. Botha en Arnold is die enigste twee agterspelers van verlede jaar se span wat môre hier optree, maar van die voorspelers is daar vyf wat verlede jaar gehelp het om die Rooispan te klop. Hulle is H. en J. Malan, S. Eloff, Pretorius en Vermaas. Die besoekers sal stellig 'n harde been wees om te kou, maar die Maties sal nie slap laat hang nie en seer seker hard spook om die bordjies te verhang.

Die span is as volg:

D. Kruger; J. Arnold, M. Oosthuyzen, R. Postma, J. de Kock; D. Jacobs, J. Botha; A. Malan, H. Malan, J. Malan, S. Eloff, G. v. d. Westhuizen, J. Pretorius, W. Viljoen en F. Vermaas. Prof. A. P. Goossens het saamgereis as bestuurder van die span.

Of daar môre georganiseerde sang en aanmoediging sal wees was by die ter perse gaan nog onbekend. Skynbaar sal alles maar spontaan moet wees. In elkgeval dit sal weer 'n interessante dag wees en toeskouers sal seker weer toestroom om die interversitêre botsing te sien. Laat ons intussen die Pukkies darem laat tuis voel in die Eikestad en onthaal hulle vriendelik en gasvry, sodat ons só weer die broederband op sportgebied ook kan sterk tussen die Suide en die Noorde.

# DIE MATIES OP TOER

*Deur die Sportredakteur.*

Gedurende die afgelope vakansie het die Maties 'n geslaagde toer deur die Suidwestelike distrikte onderneem. Almal praat met groot lof van die sukses wat daarmee gepaard gegaan het, en die nuusblaaie veral het die gehalte van voetbal wat die toerspan deurgaans gelewer het, hoog aangeprys. Oop en aanskoulike rugby is gelewer, en die mense praat met waardering oor die algemene gees wat daar onder die toerspanlede geheers het.

Die spelers self kan ook nie genoeg praat van die gasvryheid wat hulle orals op die toer te beurt geval het nie. Dit bewys tewens hoe goedgesind mense van ander oorde ons saak nog is, en dat hulle dit eens met Stellenbosch is dat hy die regte weg ingeslaan het toe hy moes kies.

Origens het daar 'n baie aangename gees onder die spelers geheers, en toe hulle van mekaar op George moes afskeid neem, het dit regtig gevoel asof een groot familieband afgesny is.

Op Dinsdagmiddag, 22 Junie, het die toerspan vanaf Stellenbosch vertrek onder die bekwame bestuur van mnr. Hansie Söhnge, en onder die inspirerende leiding van Wil Delport as Kaptein. Dieselfde aand het die spelers op Robertson aangekom, en is gasvry onthaal. Verskeie spelers is uit na plase in die distrik vir herberg. Op een van hierdie plase moes Piet Matthee se bles dit ontgeld. Toe hy in die donker daar aankom, lig die boer wat hom by die hek moes ontvang met die toorts op hom en laat hom die volgende woorde ontval: „Ou man né? Wat bring julle vir my ou goed?"

Woesdagmiddag het die Maties en die Rosyntjieboere toe aanmekaar gespring, en Stellenbosch het 'n welverdiende oorwinning van 7—3 behaal. Vrydagoggend is die toerspan toe weer per gemengde trein verder op hulle reis na Swellendam. Tot hulle ontsteltenis het hulle die kort afstand van 30 myl in die rekordtyd van 5½ uur afgelê. By een halte is die klomp van die trein af terwyl dit water inneem, en in 'n lemoenboord in wat naby was. Toe die trein fluit, het jy net gesien saai uit die boord uit. Op 'n ander plek wou die span die vertraging van die trein bietjie verhinder deur 'n boer wat met 'n wavrag lemoene stasie-toe gekom het gou te help aflaai. Na nog 'n paar leë roomkanne af te gelaai het en 'n pond botter en ses eiers op te gelaai het, het die span eindelik op Swellendam arriveer. Op Swellendam het hulle ook die verblyf baie geniet en is Saterdagaand op 'n dans vergas en Sondag na die Bosboupark geneem vir 'n piekniek. Die Maties het 'n Gekombineerde span daar die loef afgesteek met 9—0. Terloops kan net hier gesê word dat Barney de Villiers op die toer leer dans het, en belowe het om nou 'n getroue ondersteuner van die Terpsichoria te word.

Maandagoggend vroeg (2-uur v.m.) het die span toe vertrek Mosselbaaitoe. Oorspronklik sou hulle per gemengde trein weer gereis het, maar die vorige ondervinding het hul anders laat besluit en van 10-uur af die aand het hul al op die stasie gewag. Die tyd is deurgebring met brugspeel en slaap. Die klimaks het gekom toe daar geen plek vir hulle op die trein was nie, en hulle uiteindelik al 18 spelers in een kompartement saamgehoop was. Om die tyd te verdryf — van slaap was daar geen sprake nie — het hulle bekende wysies saggies geneurie, waaronder Brahms se wiegeliedjie was.

Op Mosselbaai het die span van Maandag tot Donderdagoggend gebly. Ook daar was die verblyf baie aangenaam. Danksy die vaderlike oog wat Spokie Reitz oor seuns soos Tommie Fourie en Barney de Villiers gehou het, het alles vlot van stapel geloop. Hulle het Mosselbaai met 17—3 oormeester.

Die laaste plek van hulle toer was George. Hier het die wedstryd 'n baie groot aantal toeskouers gelok en sprankelende spel is gelewer. Veral Wahl (skrumskakel) het hom onderskei. Die eindtelling was 20—0 in die guns van die Maties. Nadat die spelers o.a. Heroldsbaai en Knysnawoud besoek het, is hulle almal Maandag uitmekaar. Die spanlede was baie jammer dat hulle toe uitmekaar moes gaan; veral die baie grappies sou hul mis van Kallie van der Merwe met sy hoenderhaan-episodes en vir Barney de Villiers en van Niekerk wat op een plaas 'n groot affiniteit vir 'n kuiken aan die dag gelê het.

Ongelukkig kon Tommie Fourie nie aan een wedstryd deelneem nie, want hy het gedurende toer siek geword. Verder is die manne hoogs tevrede.

# WES-KAAPLAND IN AKSIE!

Die Wes-Kaaplandse toerspan het gedurende die vakansie twee wedstryde teen Oos-Kaapland afgespeel — een in Port Elizabeth en een in Cradock. In Port Elizabeth het hulle met 7 punte teen 6 verloor, maar in Cradock het hulle in 'n pragtige wedstryd die bordjies verhang en met 17—9 gewen.

Die span het uitstekende rugby gespeel en 'n baie gunstige indruk gemaak. Die sportredakteur van „Die Burger," wat die toer meegemaak het, skryf b.v. as volg: „Ondersteuners van die Wes-Kaaplandse span het alle rede om met reg trots te wees op die eerste verteenwoordigende vyftiental van die nuwe bond. Hulle het rugby gespeel soos mens hom in die voorspoedjare van die Westelike-Provinsie leer ken het, rugby wat die moeite werd is om honderde myle te ry om dit te sien. Die manne het oop en skouspelagtige spel hulle wagwoord gemaak, en hulle het ook oop en sprankelende rugby gespeel. Die bal is nie geskop nie maar gedra en rondgegooi, nie sommer blindelings nie, maar planmatig en doelbewus."

Die Wes-Kaaplanders was in hulle eerste wedstryd besonder ongelukkig. Met Van der Walt, Slabber, Van Schoor en Van Niekerk buite aksie, het hulle nogtans soos besetenes gespeel, en teen die einde was dit slegs die verbete keerwerk van die Oos-Kaaplanders, wat hulle verhoed het om die wenpunte te behaal. In hierdie wedstryd het veral Kemper (skrumskakel) en die twee vleuels Byers Louw en Dollie Du Plessis, wat elk 'n drie aangeteken het, hulle onderskei.

As gevolg van die beserings, is die span vir hulle tweede wedstryd baie verander. Johan Michau, Stellenbosch B se veilige heelagter, wat met vakansie op Cradock was, is ingesluit, met Neethling senter en Van der Spuy losskakel. Hierdie keer het die Wes-Kaaplanders hulle teenstanders heeltemal oorskadu en vyf drieë behaal, waarvan een vervyf is.

Van die Maties se verteenwoordigers in die toerspan was Dollie du Plessis die uitblinker. Hy het in albei wedstryde pragtig vertoon, en sy drieë sowel in Port Elizabeth as in Cradock sal nog lank onthou word. Van Blerk en Michau het ook alles gedoen wat van hulle verwag is, en Van der Walt en Slabber was voor hulle beserings in Port Elizabeth baie gevaarlik.

Die Wes-Kaaplandse span speel nog drie interprovinsiale wedstryde hierdie seisoen, een teen Oos-Kaapland op Coetzenburg (31 Julie), en twee teen Boland. Hulle vertonings sal met belangstelling gevolg word.

## GEVLEUELDE WOORDE

„Die volk as arbeidseenheid is 'n skeppende en produktiewe eenheid van arbeidskrag, geestelik, psigies en liggaamlik, ten opsigte van die volk werklikheid waarin en waarteenoor die volk hom bevind, is die draer van die welstand en van die geestelik-stoflike belange-ordening en vergestalting van die volkslewe as geheel."

*Dr. P. J. Meyer.*

„Wapenskou" Deel IV, No. 1.

**ONDERSTEUN DIE MATIE.**

INK EN GOM

Nuwe Voorrade ontvang van

| | |
|---|---|
| INDIESEINK—Verskillende Kleure— | 2/3 per bottel |
| STEMPEL INK—Verskillende Kleure— | 1/3 „ „ |
| MERK-INK—vir klere— | 1/3 „ „ |
| INK-UITWISSER (Ink Eradicator) per stel van 2 bottels | —2/3 |
| GOM (MUCILAGE) | 8d. per bottel |

· BRING BOTTELS SAAM.

C.S.V.-BOEKHANDEL

PLEINSTRAAT :: STELLENBOSCH

? ? ? ? ? ? ? ?

Hou Dop Die Kolom, iets van belang

SAL HIER VERSKYN

GEBROEDERS DE WET (Eienaars) Bpk.